



# Government Gazette Staatskoerant

REPUBLIC OF SOUTH AFRICA  
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

Vol. 590

Pretoria, 25 August  
Augustus 2014

No. 37940

N.B. The Government Printing Works will  
not be held responsible for the quality of  
"Hard Copies" or "Electronic Files"  
submitted for publication purposes



9771682584003



AIDS HELPLINE: 0800-0123-22 Prevention is the cure

**IMPORTANT NOTICE**

**The Government Printing Works will not be held responsible for faxed documents not received due to errors on the fax machine or faxes received which are unclear or incomplete. Please be advised that an "OK" slip, received from a fax machine, will not be accepted as proof that documents were received by the GPW for printing. If documents are faxed to the GPW it will be the sender's responsibility to phone and confirm that the documents were received in good order.**

**Furthermore the Government Printing Works will also not be held responsible for cancellations and amendments which have not been done on original documents received from clients.**

**CONTENTS**

No.	Page No.	Gazette No.
<b>GOVERNMENT NOTICE</b>		
<b>South African Revenue Service</b>		
<i>Government Notice</i>		
644	Tax Administration Act (28/2011): Rules for electronic communication prescribed under section 255 (1) of the Act.....	3 37940

**INHOUD**

No.	Bladsy No.	Koerant No.
<b>GOEWERMENTSKENNISGEWING</b>		
<b>Suid-Afrikaanse Inkomstediens</b>		
<i>Goewermentskennisgewing</i>		
644	Wet op Belastingadministrasie (28/2011): Reëls vir elektroniese kommunikasie kragtens artikel 255 (1) van die Wet .....	13 37940

## GOVERNMENT NOTICE GOEWERMENTSKENNISGEWING


### SOUTH AFRICAN REVENUE SERVICE SUID-AFRIKAANSE INKOMSTEDIENS

No. 644

25 August 2014

#### RULES FOR ELECTRONIC COMMUNICATION PRESCRIBED UNDER SECTION 255(1) OF THE TAX ADMINISTRATION ACT, 2011 (ACT NO. 28 OF 2011)

I, Visvanathan Pillay, Acting Commissioner for the South African Revenue Service, hereby prescribe, in the Schedule hereto, the rules for electronic communication in terms of section 255(1) of the Tax Administration Act, 2011.



V PILLAY

ACTING COMMISSIONER FOR THE SOUTH AFRICAN REVENUE SERVICE

**SCHEDULE****TABLE OF CONTENTS**

1.	Definitions.....	3
2.	General.....	5
3.	Delivery and receipt of an electronic communication .....	5
4.	Provision of SARS electronic filing services .....	6
5.	SARS electronic filing service registration .....	7
6.	User ID and access code .....	8
7.	Electronic signature .....	8
8.	Security .....	9
9.	Record retention by an electronic communicator .....	9

## 1. Definitions

In these rules, unless the context indicates otherwise, a term which is assigned a meaning in the Act, has the meaning so assigned, and the following terms have the following meanings—

**'access code'** means a series of numeric characters, alphabetic characters, symbols or a combination thereof, associated with an individual user ID;

**'data'** means electronic representations of information in any form;

**'data message'** means data generated, sent, received or stored by electronic means;

**'digital signature'** has the meaning assigned to an electronic signature;

**'electronic address'** means a series of numeric characters, alphabetic characters, symbols or a combination thereof, which identifies a destination, including the electronic filing page of a registered user, for an electronic communication;

**'electronic communication'** means a communication by means of a data message and includes a document required under a tax Act;

**'Electronic Communications and Transactions Act'** means the Electronic Communications and Transactions Act, 2002 (Act No. 25 of 2002);

**'electronic communicator'** means a person that—

(a) is a registered user; or

(b) is obliged to or has elected to communicate with SARS in electronic form;

**'electronic filing page'** means a secure data message which—

(a) is generated by a SARS electronic filing service in the information system of SARS;

(b) is accessible from a SARS web site, through the use of a registered user's user ID and access code; and

(c) contains electronic filing transactions of that registered user;

**'electronic filing transaction'** means an electronic communication, generated and delivered through the use of a SARS electronic filing service including—

(a) a return, the submission of which is supported by a SARS electronic filing service;

(b) a document in support of the return;

- (c) a communication in relation to payment made to SARS;
- (d) a notice of assessment issued by SARS; and
- (e) any other electronic communication that is capable of generation and delivery in a SARS electronic filing service;

**'electronic signature'**, in relation to—

- (a) an electronic communicator, excluding a registered user, means data attached to, incorporated in, or logically associated with other data which is intended by the electronic communicator to serve as a signature; or
- (b) a registered user means—
  - (i) the user ID and access code of the user; and
  - (ii) the date and time that the electronic filing transaction was received by the information system of SARS;

**'information system'** means a system for generating, sending, receiving, storing, displaying, or otherwise processing a data message;

**'intermediary'** means a service provider who, on behalf of another person sends, receives or stores data messages or who provides other services with regard to such messages or the information system of that person;

**'registered user'** means a person, including a registered tax practitioner or a person referred to in section 240(2)(d) of the Act, registered under rule 5;

**'SARS electronic filing service'** means a software application, available on a SARS web site, which enables SARS and registered users to generate and deliver electronic filing transactions;

**'SARS web site'** means a secure location in the information system of SARS which contains and from which a SARS electronic filing service is accessible;

**'the Act'** means the Tax Administration Act, 2011 (Act No. 28 of 2011); and

**'user ID'** means the unique identification—

- (a) created in compliance with the requirements of rule 6; and
- (b) used by a registered user in order to access the user's electronic filing page.

## 2. General

(1) An electronic communicator must submit returns or generate and deliver notices, documents or other communications in electronic form as provided for in these rules.

(2) A document in electronic form must be capable of being accepted by the computers or equipment forming part of the information system of SARS.

(3) Whenever an electronic communicator uses the services of an intermediary in order to send, receive, store, log or process electronic communications with SARS, the communicator is liable for every act or omission by the intermediary as if the act or omission was the act or omission of the communicator.

## 3. Delivery and receipt of an electronic communication

(1) Where an electronic communicator and a SARS official have not agreed that an acknowledgment of receipt for a communication be given in a particular form or by a particular method, an acknowledgement may be given—

- (a) through a communication from a SARS official or the communicator pertaining to that communication, whether automated or otherwise; or
- (b) by conduct that indicates that the communication has been received.

(2) Delivery of an—

- (a) electronic communication, excluding an electronic filing transaction, is regarded to occur when the complete communication—
  - (i) enters the information system of SARS, the electronic communicator or the intermediary of the communicator; and
  - (ii) is capable of being retrieved and processed by SARS or the communicator; and
- (b) electronic filing transaction is regarded to occur when the complete transaction enters the information system of SARS and—
  - (i) is correctly submitted by the registered user in order to be processed in the appropriate SARS electronic filing service; or

(ii) is correctly submitted by SARS to the electronic filing page of the registered user.

(3) Except for an electronic filing transaction, if an acknowledgement of receipt for the electronic communication in accordance with subrule (1) is not received, the communication must be regarded as not delivered.

(4) If an electronic communication is delivered in accordance with this rule, the communication is regarded as sent from and delivered to the usual place of business or residence of SARS or the electronic communicator.

(5) Where an electronic communication is delivered to SARS from the electronic address of an electronic communicator the communication is regarded as sent by the communicator personally.

#### **4. Provision of SARS electronic filing services**

(1) SARS must provide effective, secure and reliable SARS electronic filing services.

(2) A SARS electronic filing service must—

(a) provide a registered user with the ability to—

- (i) create a user ID and access code;
- (ii) use the user ID and access code to access, conclude, deliver, receive and read electronic filing transactions on the user's electronic filing page; and
- (iii) cancel the user's SARS electronic filing service; and

(b) ensure that all electronic filing transactions on a user's electronic filing page remain complete and unaltered except for the addition of endorsements and changes which arise in the normal course of communication, storage and display, for the period required by a tax Act.

(3) A SARS electronic filing service may—

(a) provide a taxpayer with the ability to—

- (i) authorise a registered user, who is a registered tax practitioner or a person referred to in section 240(2)(d) of the Act, to perform an electronic filing transaction on behalf of the taxpayer; and
- (ii) at any time thereafter, terminate such authority;

- (b) provide the registered user, authorised under paragraph (a)(i), with the ability to terminate the authority provided by the taxpayer; and
- (c) limit the amount of data that can be submitted by the registered user on the electronic filing page.

## 5. SARS electronic filing service registration

(1) For purposes of utilising a SARS electronic filing service, a person must—

- (a) apply for registration on a SARS web site and provide SARS with the particulars and documents as SARS may require for the registration;
- (b) create and secure the person's own user ID and access code in compliance with the security requirements of the SARS electronic filing service; and
- (c) accept and abide by the general conditions of use set out in these rules.

(2) SARS must—

- (a) confirm the SARS electronic filing service activation if the particulars supplied are complete and valid; or
- (b) notify the person to re-submit correct particulars if any of the particulars supplied are incomplete or invalid.

(3) SARS may refuse an application for registration or cancel or suspend a registration for a specified period, if the person applying for registration contravenes or fails to comply with the requirements for registration contained in these rules.

(4) When SARS cancels or suspends the registration, the cancellation or suspension will take effect from the day on which the notice thereof is delivered to the registered user.

(5) Upon registration and while using a SARS electronic filing service, a registered user is liable for all activities and electronic filing transactions performed using that user ID and access code.

## 6. User ID and access code

- (1) A user ID and access code must be—
- (a) uniquely linked to a registered user; and
  - (b) capable of identifying only that user.
- (2) The registered user—
- (a) must gain access to a SARS electronic filing service by using only that user's own user ID and access code;
  - (b) must ensure that adequate measures have been introduced, and must continually exercise utmost care, to retain control over and confidentiality of the user ID and access code;
  - (c) must prevent disclosure of the user ID and access code to an unauthorised person; and
  - (d) may not under any circumstances share an access code in any manner with anyone, including a SARS official.

(3) If the user ID or access code has been compromised or is suspected of being compromised in any manner, the registered user must inform SARS accordingly and must reset the access code without delay.

(4) An applicant for a SARS electronic filing service or a registered user who is required to change an access code must create a code that meets the minimum security requirements of the SARS electronic filing service and cannot easily be surmised.

## 7. Electronic signature

- (1) Other than the use of a user ID and access code for the signing of electronic filing transactions, if a provision of a tax Act requires a document to be signed by or on behalf of an electronic communicator, that signing may be effected by means of an electronic signature if the electronic signature is—
- (a) uniquely linked to the signatory;
  - (b) capable of identifying the signatory and indicating the signatory's approval of the information communicated;

- (c) capable of being accepted by the computers or equipment forming part of the information system of SARS; and
- (d) reliable and appropriate for the purpose for which the information was communicated.

(2) When considering the use of an electronic signature an electronic communicator must specifically consider the level of confidentiality, authenticity, evidential weight and data integrity afforded by the signature.

## 8. Security

(1) SARS may take whatever action necessary to preserve the security of its data, as well as the security and reliable operation of its information systems, a SARS web site and a SARS electronic filing service.

(2) A person who obtains information regarding another person or information that the person obtaining the information reasonably believes is not intended for that person must—

- (a) notify SARS accordingly without delay and disclose the circumstances under which the information was obtained;
- (b) follow the processes that SARS prescribes to destroy or remove the information from the information system of the person;
- (c) not disclose to another person nor retain in any manner or form the information so obtained; and
- (d) retain the record of the receipt of the information.

## 9. Record retention by an electronic communicator

(1) An electronic communicator must keep records of all electronic communications—

- (a) that must be retained under a tax Act;
- (b) in compliance with—
  - (i) section 16 of the Electronic Communications and Transactions Act; and
  - (ii) the electronic form of record keeping prescribed in the public notice issued

under section 30(1)(b) of the Act; and

(c) for the period and for the purpose required by a tax Act.

(2) An electronic communication made by SARS or an electronic communicator in the ordinary course of business is on its production in proceedings under a tax Act admissible in evidence against a person and rebuttable proof of the facts therein contained.

(3) Where a copy or printout of, or an extract from, the communication referred to in subrule (2) is used, such copy, printout or extract must be certified to be correct by SARS or the representative taxpayer of the communicator.


(4) The certification by the representative taxpayer of the communicator under subrule (3) must include the particulars specified in rules 3 to 6 of the public notice issued under section 30(1)(b) of the Act.

---

**No. 644****25 Augustus 2014**

**REËLS VIR ELEKTRONIESE KOMMUNIKASIE KRAGTENS ARTIKEL 255(1) VAN  
DIE WET OP BELASTINGADMINISTRASIE, 2011 (WET NO. 28 VAN 2011),  
VOORGESKRYF**

Ek, Visvanathan Pillay, Waarnemende Kommissaris vir die Suid-Afrikaanse Inkomstediens, skryf hierby voor, in die Bylae hierby, die reëls vir elektroniese kommunikasie ingevolge artikel 255(1) van die Wet op Belastingadministrasie, 2011.



V PILLAY

**WAARNEMENDE KOMMISSARIS VIR DIE SUID-AFRIKAANSE INKOMSTEDIENS**

**BYLAE****INHOUDSOPGawe**

1.	Woordomskrywing .....	3
2.	Algemeen .....	5
3.	Lewering en ontvangs van elektroniese kommunikasie.....	5
4.	Voorsiening van SAID elektroniese indieningsdienste.....	6
5.	Registrasie vir SAID elektroniese indieningsdiens .....	7
6.	Gebruikers-ID en toegangskode.....	8
7.	Elektroniese handtekening .....	9
8.	Sekuriteit .....	9
9.	Hou van rekords deur elektroniese kommunikeerder .....	10

## 1. Woordomskrywing

In hierdie reëls, tensy die samehang anders aandui, het 'n term waaraan 'n betekenis in die Wet toegeken is die betekenis aldus daaraan toegeken, en het die volgende terme die volgende betekenisse—

'data' beteken elektroniese voorstellings van inligting in enige vorm;

'databoodskap' beteken data wat op elektroniese wyse voortgebring, gestuur, ontvang of geberg word;

'die Wet' beteken die Wet op Belastingadministrasie, 2011 (Wet No. 28 van 2011);

'digitale handtekening' het die betekenis toegeken aan 'n elektroniese handtekening;

'elektroniese adres' beteken 'n reeks numeriese karakters, alfabetiese karakters, simbole of 'n kombinasie daarvan, wat 'n bestemming, insluitend die elektroniese indieningsblad van 'n geregistreerde gebruiker, vir 'n elektroniese kommunikasie identifiseer;

'elektroniese handtekening', met betrekking tot—

(a) 'n elektroniese kommunikeerder, uitgesluit 'n geregistreerde gebruiker, beteken data geheg aan, ingelyf by, of logies verbonde met ander data wat deur die elektroniese kommunikeerder bedoel word om as 'n handtekening te dien; of

(b) 'n geregistreerde gebruiker beteken—

(i) die gebruikers-ID en toegangskode van die gebruiker; en

(ii) die datum en tyd wat die elektroniese indieningstransaksie deur die inligtingstelsel van SAID ontvang is;

'elektroniese indieningsblad' beteken 'n veilige databoodskap wat—

(a) deur 'n SAID elektroniese indieningsdiens in die inligtingstelsel van SAID voortgebring word;

(b) toeganklik is vanaf 'n SAID webwerf, deur die gebruik van 'n geregistreerde gebruiker se gebruikers-ID en toegangskode; en

(c) elektroniese indieningstransaksies van daardie geregistreerde gebruiker bevat;

'elektroniese indieningstransaksie' beteken 'n elektroniese kommunikasie voortgebring en gelewer deur die gebruik van 'n SAID elektroniese indieningsdiens insluitend—

(a) 'n opgawe, waarvan die indiening deur 'n SAID elektroniese indieningsdiens ondersteun word;

(b) 'n dokument ter stawing van die opgawe;

(c) 'n kommunikasie met betrekking tot betaling aan SAID gemaak;

(d) 'n kennisgewing van aanslag deur SAID uitgereik; en

(e) enige ander elektroniese kommunikasie wat die vermoë het om in 'n SAID elektroniese indieningsdiens voortgebring en gelewer te word;

**'elektroniese kommunikasie'** beteken 'n kommunikasie deur middel van 'n databoodskap en sluit in 'n dokument kragtens 'n Belastingwet vereis;

**'elektroniese kommunikeerder'** beteken 'n persoon wat—

(a) 'n geregistreerde gebruiker is; of

(b) verplig is of gekies het om in elektroniese vorm met SAID te kommunikeer;

**'gebruikers-ID'** beteken die unieke identifikasie—

(a) geskep ter nakoming van die vereistes van reël 6; en

(b) gebruik deur 'n geregistreerde gebruiker ten einde toegang tot die gebruiker se elektroniese indieningsblad te verkry;

**'geregistreerde gebruiker'** beteken 'n persoon, insluitend 'n geregistreerde belastingpraktisyne of 'n persoon in artikel 240(2)(d) van die Wet bedoel, kragtens reël 5 geregistreer;

**'inligtingstelsel'** beteken 'n stelsel om 'n databoodskap voort te bring, te stuur, te ontvang, te berg, te vertoon of andersins te prosesseer;

**'SAID elektroniese indieningsdiens'** beteken 'n sagteware toepassing, beskikbaar op 'n SAID webwerf, wat SAID en geregistreerde gebruikers in staat stel om elektroniese indieningstransaksies voort te bring en te lewer;

**'SAID webwerf'** beteken 'n veilige ligging in die inligtingstelsel van SAID wat 'n SAID elektroniese indieningsdiens bevat en vanwaar 'n SAID elektroniese indieningsdiens toeganklik is;

**'toegangskode'** beteken 'n reeks numeriese karakters, alfabetiese karakters, simbole of 'n kombinasie daarvan, verbonde met 'n individuele gebruikers-ID;

‘tussenganger’ beteken ’n diensverskaffer wat ten behoeve van ’n ander persoon databoodskappe stuur, ontvang of berg of wat ander dienste ten opsigte van daardie boodskappe of die inligtingstelsel van daardie persoon lewer;

‘Wet op Elektroniese Kommunikasies en Transaksies’ beteken die Wet op Elektroniese Kommunikasies en Transaksies, 2002 (Wet No. 25 van 2002);

## 2. Algemeen

(1) ’n Elektroniese kommunikeerder moet opgawes, kennisgewings, dokumente of ander kommunikasies in elektroniese vorm indien of voortbring en lewer soos in hierdie reëls voorsien.

(2) ’n Dokument in elektroniese vorm moet die vermoë hê om ontvang te word deur die rekenaars of toerusting wat deel van die inligtingstelsel van SAID uitmaak.

(3) Wanneer ’n elektroniese kommunikeerder die dienste van ’n tussenganger gebruik ten einde elektroniese kommunikasies met SAID te stuur, ontvang, berg, op te teken of te prosesseer, is die kommunikeerder aanspreeklik vir elke daad of versuim deur die tussenganger asof die daad of versuim die daad of versuim van die kommunikeerder was.

## 3. Lewering en ontvangs van elektroniese kommunikasie

(1) Waar ’n elektroniese kommunikeerder en ’n SAID beampie nie ooreengekom het dat ’n ontvangserkenning vir ’n kommunikasie in ’n bepaalde vorm of deur ’n bepaalde metode gegee moet word nie, mag ’n erkenning gegee word deur—

- (a) middel van ’n kommunikasie van ’n SAID beampie of die kommunikeerder wat betrekking het op daardie kommunikasie, hetsy geoutomatiseer al dan nie; of
- (b) optrede wat aandui dat die kommunikasie ontvang is.

- (2) Lewering van ’n—
  - (a) elektroniese kommunikasie, buiten ’n elektroniese indieningstransaksie, word beskou plaas te vind wanneer die volledige kommunikasie—

- (i) die inligtingstelsel van SAID, die elektroniese kommunikeerder of die tussenganger van die elektroniese kommunikeerder binnegaan; en
  - (ii) die vermoë het om deur SAID of die kommunikeerder teruggevind en geprosesseer te word; en
- (b) elektroniese indieningstransaksie word beskou plaas te vind wanneer die volledige transaksie die inligtingstelsel van SAID binnegaan en—
- (i) korrek voorgelê word deur die geregistreerde gebruiker ten einde in die toepaslike SAID elektroniese indieningsdiens geprosesseer te word; of
  - (ii) korrek deur SAID aan die elektroniese indieningsblad van die geregistreerde gebruiker voorgelê word.
- (3) Indien 'n ontvangserkenning vir 'n elektroniese kommunikasie, behalwe 'n elektroniese indieningstransaksie, nie ingevolge subreël (1) ontvang word nie, moet die kommunikasie beskou word nie gelewer te wees nie.

(4) Indien 'n elektroniese kommunikasie ooreenkomsdig hierdie reël gelewer word, word die kommunikasie beskou as gestuur van en gelewer by die gewone besigheidsplek of woning van SAID of die elektroniese kommunikeerder te wees.

(5) Waar 'n elektroniese kommunikasie aan SAID gelewer word vanaf die elektroniese adres van 'n elektroniese kommunikeerder word die kommunikasie beskou deur die kommunikeerder persoonlik gestuur te wees.

#### **4. Voorsiening van SAID elektroniese indieningsdienste**

- (1) SAID moet doelmatige, veilige en betroubare SAID elektroniese indieningsdienste voorsien.
- (2) 'n SAID elektroniese indieningsdiens moet—
- (a) 'n geregistreerde gebruiker van die vermoë voorsien om—
- (i) 'n gebruikers-ID en toegangskode te skep;
  - (ii) die gebruikers-ID en toegangskode te gebruik om toegang tot elektroniese indieningstransaksies op die gebruiker se elektroniese indieningsblad te verkry, en sodanige transaksies te voltrek, te lewer, te ontvang en te lees; en

- (iii) die gebruiker se SAID elektroniese indieningsdiens te kanselleer; en
- (b) verseker dat alle elektroniese indieningstransaksies op 'n gebruiker se elektroniese indieningsblad volledig en onveranderd bly afgesien van die byvoeging van endossemente en veranderings wat voortkom in die normale verloop van kommunikasie, berging en vertoon, vir die tydperk deur 'n Belastingwet vereis.
- (3) 'n SAID elektroniese indieningsdiens mag—
- (a) 'n belastingpligtige van die vermoë voorsien om—
- (i) 'n geregistreerde gebruiker, wat 'n geregistreerde belastingpraktisyne of 'n persoon bedoel in artikel 240(2)(d) van die Wet is, te magtig om 'n elektroniese indieningstransaksie ten behoeve van die belastingpligtige uit te voer; en
- (ii) te eniger tyd daarna sodanige magtiging te beëindig;
- (b) die geregistreerde gebruiker, kragtens paragraaf (a)(i) gemagtig, van die vermoë voorsien om die magtiging voorsien deur die belastingpligtige te beëindig; en
- (c) die hoeveelheid data wat deur die geregistreerde gebruiker op die elektroniese indieningsblad voorgelê kan word, beperk.

## 5. Registrasie vir SAID elektroniese indieningsdiens

- (1) Vir doeleindes van die gebruik van 'n SAID elektroniese indieningsdiens moet 'n persoon—
- (a) vir registrasie op 'n SAID webwerf aansoek doen en SAID voorsien van die besonderhede en dokumente wat SAID vir die registrasie mag vereis;
- (b) die persoon se eie gebruikers-ID en toegangskode skep en beveilig ter nakoming van die veiligheidsvereistes van die SAID elektroniese indieningsdiens; en
- (c) die algemene voorwaardes van gebruik uiteengesit in hierdie reëls aanvaar en nakom.
- (2) SAID moet—
- (a) die aktivering van die SAID elektroniese indieningsdiens bevestig indien die

besonderhede voorsien volledig en geldig is; of

- (b) die persoon in kennis stel om korrekte besonderhede weer voor te lê indien enige van die besonderhede voorsien onvolledig of ongeldig is.

(3) SAID mag 'n aansoek vir registrasie weier of 'n registrasie vir 'n bepaalde tydperk kanselleer of opskort, indien die persoon wat vir registrasie aansoek doen die vereistes vir registrasie vervat in hierdie reëls oortree of versuum om hulle na te kom.

(4) Wanneer SAID die registrasie kanselleer of opskort, sal die kansellasié of opskorting in werking tree vanaf die dag waarop die kennisgewing daarvan aan die geregistreerde gebruiker gelewer word.

(5) By registrasie en terwyl 'n SAID elektroniese indieningsdiens gebruik word, is 'n geregistreerde gebruiker aanspreeklik vir alle handelinge en elektroniese indieningstransaksies uitgevoer wat van daardie gebruikers-ID en toegangskode gebruik maak.

## 6. Gebruikers-ID en toegangskode

(1) 'n Gebruikers-ID en toegangskode moet—

- (a) uniek aan 'n geregistreerde gebruiker verbind wees; en  
(b) die vermoë hê om slegs daardie gebruiker te identifiseer.

(2) Die geregistreerde gebruiker—

- (a) moet toegang tot 'n SAID elektroniese indieningsdiens kry deur slegs daardie gebruiker se eie gebruikers-ID en toegangskode te gebruik;  
(b) moet verseker dat voldoende maatreëls ingestel is, en moet voortdurend uitermate sorg uitoefen, om beheer oor en vertroulikheid van die gebruikers-ID en toegangskode te behou;  
(c) moet openbaring van die gebruikers-ID en toegangskode aan 'n ongemagtigde persoon voorkom; en  
(d) mag nie onder enige omstandighede 'n toegangskode op enige wyse aan enige iemand, insluitend 'n SAID beampte, meedeel nie.

(3) Indien die gebruikers-ID of toegangskode gekompromiteer word of daarvan verdink word dat dit op enige wyse gekompromiteer is, moet die

geregistreerde gebruiker SAID dienooreenkomsdig inlig en die toegangskode onverwyld herinstel.

(4) 'n Aansoeker vir 'n SAID elektroniese indieningsdiens of 'n geregistreerde gebruiker wat verplig word om 'n toegangskode te verander, moet 'n kode skep wat aan die minimum veiligheidsvereistes van die SAID elektroniese indieningsdiens voldoen en nie maklik geraai kan word nie.

## 7. Elektroniese handtekening

(1) Buiten die gebruik van 'n gebruikers-ID en toegangskode vir die tekening van elektroniese indieningstransaksies, indien 'n bepaling van 'n Belastingwet vereis dat 'n dokument deur of ten behoeve van 'n elektroniese kommunikeerder geteken moet word, mag daardie tekening deur middel van 'n elektroniese handtekening geskied indien die elektroniese handtekening—

- (a) uniek aan die ondertekenaar verbind is;
- (b) die vermoë het om die ondertekenaar te identifiseer en om die ondertekenaar se goedkeuring van die inligting wat gekommunikeer word, aan te dui;
- (c) die vermoë het om deur die rekenaars of toerusting wat deel van die inligtingstelsel van SAID uitmaak, aanvaar te word; en
- (d) betroubaar en toepaslik is vir die doel waarvoor die inligting gekommunikeer is.

(2) Wanneer 'n elektroniese kommunikeerder die gebruik van 'n elektroniese handtekening oorweeg, moet die vlak van vertroulikheid, outentisiteit, bewyswaarde en data-integriteit wat deur die handtekening verskaf word spesifiek oorweeg word.

## 8. Sekuriteit

(1) SAID mag watter optrede ook al neem wat nodig is om die veiligheid van sy data, asook die veiligheid en betroubare werking van sy inligtingstelsel, 'n SAID webwerf en 'n SAID elektroniese indieningsdiens te handhaaf.

(2) 'n Persoon wat inligting verkry aangaande 'n ander persoon of inligting wat die persoon wat die inligting verkry redelikerwys glo nie vir daardie persoon

bedoel is nie, moet—

- (a) SAID onverwyld dienooreenkomstig inlig en die omstandighede openbaar waaronder die inligting verkry is;
- (b) die prosesse volg wat SAID voorskryf om die inligting te vernietig of van die inligtingstelsel van die persoon te verwyder;
- (c) nie die inligting aldus verkry aan 'n ander persoon openbaar nie of dit op enige wyse of in enige vorm behou nie; en
- (d) die rekord van die ontvangs van die inligting behou.

## 9. Hou van rekords deur elektroniese kommunikeerder

(1) 'n Elektroniese kommunikeerder moet rekords hou van alle elektroniese kommunikasies—

- (a) wat kragtens 'n Belastingwet gehou moet word;
- (b) ter nakoming van—
  - (i) artikel 16 van die Wet op Elektroniese Kommunikasies en Transaksies; en
  - (ii) die elektroniese vorm van rekordhouding voorgeskryf in die openbare kennisgewing uitgereik kragtens artikel 30(1)(b) van die Wet; en
- (c) vir die tydperk en vir die doel deur 'n Belastingwet vereis.

(2) 'n Elektroniese kommunikasie gemaak deur SAID of 'n elektroniese kommunikeerder in die normale verloop van besigheid is by sy voorlegging in verrigtings kragtens 'n Belastingwet toelaatbaar as getuienis teen 'n persoon en weerlegbare bewys van die feite daarin vervat.

(3) Waar 'n afskrif of uitdruk van, of uittreksel uit, die kommunikasie bedoel in subreël (2) gebruik word, moet sodanige afskrif, uitdruk of uittreksel deur SAID of die verteenwoordigende belastingpligtige van die kommunikeerder gesertifiseer word korrek te wees.

(4) Die sertifisering deur die verteenwoordigende belastingpligtige van die kommunikeerder kragtens subreël (3) moet die besonderhede aangedui in reels 3 tot 6 van die openbare kennisgewing uitgereik kragtens artikel 30(1)(b) van die Wet insluit.



**NOTICE – CHANGE OF TELEPHONE NUMBERS: GOVERNMENT PRINTING WORKS**

As the mandated government security printer, providing world class security products and services, Government Printing Works has adopted some of the highly innovative technologies to best serve its customers and stakeholders. In line with this task, Government Printing Works has implemented a new telephony system to ensure most effective communication and accessibility. As a result of this development, our telephone numbers will change with effect from 3 February 2014, starting with the Pretoria offices.

The new numbers are as follows:

- Switchboard : 012 748 6001/6002
- Advertising : 012 748 6205/6206/6207/6208/6209/6210/6211/6212
- Publications Enquiries : 012 748 6052/6053/6058 [GeneralEnquiries@gpw.gov.za](mailto:GeneralEnquiries@gpw.gov.za)
  - Maps : 012 748 6061/6065 [BookShop@gpw.gov.za](mailto:BookShop@gpw.gov.za)
  - Debtors : 012 748 6060/6056/6064 [PublicationsDebtors@gpw.gov.za](mailto:PublicationsDebtors@gpw.gov.za)
  - Subscription : 012 748 6054/6055/6057 [Subscriptions@gpw.gov.za](mailto:Subscriptions@gpw.gov.za)
- SCM : 012 748 6380/6373/6218
- Debtors : 012 748 6236/6242
- Creditors : 012 748 6246/6274

Please consult our website at [www.gpwonline.co.za](http://www.gpwonline.co.za) for more contact details.

The numbers for our provincial offices in Polokwane, East London and Mmabatho will not change at this stage.

Printed by and obtainable from the Government Printer, Bosman Street, Private Bag X85, Pretoria, 0001

Publications: Tel: (012) 748 6052, 748 6053, 748 6058

Advertisements: Tel: (012) 748 6205, 748 6208, 748 6209, 748 6210, 748 6211

Subscriptions: Tel: (012) 748 6054, 748 6055, 748 6057

Gedruk deur en verkrygbaar by die Staatsdrukker, Bosmanstraat, Privaatsak X85, Pretoria, 0001

Publikasies: Tel: (012) 748 6052, 748 6053, 748 6058

Advertisentes: Tel: (012) 748 6205, 748 6208, 748 6209, 748 6210, 748 6211

Subskripsies: Tel: (012) 748 6054, 748 6055, 748 6057